# Biermaatskappy onttrek advertensie ná talle klagtes

Johannesburg. – Die Gesagsvereniging vir Reklamestandaarde (GRS) het tien klagtes oor 'n Carling Black Label-reklamebord ontvang waarin "groot manne" aangeraai word om "vir 750 ml (bier) te vra".

Die klaers, onder wie die Wes-Kaapse gesondheidsdepartement, die Sonke Gender Justice Movement (SGJM) en die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad se navorsingsentrum vir alkohol-en-dwelmmisbruik, het SAB Miller, wat dié bier maak, by die ASA verkla.

Hulle kla almal die advertensie moedig mense aan om meer alkohol op 'n slag te drink. Die woorde "Grootman of Laaitie: Vra vir die volle 750 ml" verskyn op die reklamebord.

Mnr. Bafana Khumalo, medestigter van die SGJM, het gesê hulle het by die GRS gekla omdat die advertensie in hul oë die indruk skep dat dit manlik is om meer te drink.

"Dit skep 'n stereotipe dat mans wat nie baie drink nie nie ware mans is nie."

Hy meen die advertensie kan tot selfs hoër vlakke van geweld en meer onbeskermde seks lei omdat drankmisbruik daartoe aanleiding gee.

Me. Robyn Chalmers, kommunikasiehoof van SAB Miller, het gisteraand by navraag gesê hulle het die advertensie as voorkomende maatreël onttrek nadat hulle ook klagtes daaroor ontvang het. – **Sanri van Wyk**

die [redacted] Burger Ak[redacted]eel Bl. 2 [redacted]Dinsdag 25 [redacted] 2010